Meer as oorwinnaars

Bid asb. vir Jan van Zyl wat ly aan Alzheimer, bid asb. vir Marie wat haar man moet bystaan dat sy krag en wysheid en geduld sal kry Bid ook vir al die versorgers van Alzheimer pasiënte

Rina Cronje het ook steeds gebed nodig, sy herstel van n wond wat septies geword het en sy weer a.g.v. Daarvan in die hospitaal beland het. Mag die Here genesing gee.

Joey van Wyk het toetse deurloop in die hospitaal, sy het las van ’n lae rug en pyn in haar stuitjie. Bid dat die uitslae sodanig sal wees dat sy behandeling en verligting kan kry.

Magriet Engelbrecht het gehoop dat sy geopereer kon word om haar heup en rugprobleem op te los. Sy is ongelukkig ingelig dat die risiko van bloei te hoog is en sy is huis toe gestuur. Bid asb. vir haar dat die Here haar pyn en ongemak sal verlig.

Dalena v.d. Watt was in en uit die hospitaal die afgelope 2 weke met ’n a-ritmiese hartklop. Ons bid dat sy elke dag ervaar hoe die Here haar dra.

Ronnie Kock is in Kalafong opgeneem, bid asb. vir haar dat die behandeling suksesvol sal wees.

Bid asb. vir Morgan Smit, dra sy algemene gesondheid aan die Here op en vra dat Sy vrede oor hom sal kom.

Jo Roux is redelik verswak en het u gebede nodig.

Hoffie Hoffman is Donderdag oorlede. Sy begrafnisdiens sal Woensdag 12/12 om 2 uur by Protea aftree oord gehou word.

Ons vra voorbidding vir Hanlie Kalp. Sy word 3 Januarie opgeneem vir ’n Nek Fusie operasie. Mag dit ‘n suksesvolle operasie wees.

Die Kerk se Nuwe Bank Besonderhede:

Rek. Naam: NG Gemeente Lyttelton-Noord
FNB Centurion
Takkode: 261550
Tjek rek. Nr.: 62784389796

Prediker: *Ds. Gideon du Toit*

Skriflesing: *Hebreërs 1:1-14*

Tema: God praat, kan ons luister?

Liedere: *344:1-3; Hal. 143; 332:1-4; 329; 334:1-4*

Rusoord: *10:30 & 16:45*

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Die Aankondiger

9 Desember 2018

Die trefferparades is nie altyd daar waar die beste musiek te hoor is nie

deur Stephan Joubert

As jy slegs na die trefferparade van die dag luister, dan bepaal populêre opinie uiteindelik jou smaak. Ons massaproduksie-wêreld laat jou immers glo dat slegs “Top 20” musiek, of net “MasterChef” kos in tel is. Of dat die nommer een fliek altyd ’n Oscar bekroonde fliek moet wees. Maar soms is die heel kosbaarste skatte op die stilste paaie te vind. Dit is definitief waar op die Here se roete. Sy grootste skatte lê steeds versteek in daardie hoofstukke en boeke van die Bybel wat niemand ooit lees nie. Almal staan graag rond op die top tien Bybeltekste van 2018, maar dit is juis in die stil hoofstukke van die Bybel waar onontdekte suiwer goud verpak is. Lees steeds daardie gewilde Bybeltekste. Maar as jy geestelik verder wil groei, moet jy ook leer om hemelse goud te delf wat veel dieper in die Woord versteek is. Jy moet leer om die Woord wyer te lees. En om dit dag en nag te oordink. Dan sal die woorde van Psalm 1 waar wees oor jou lewe dat jy soos ’n boom is wat geplant is langs die waterstrome. Dan sal jy op die regte tyd vrugte dra, vrugte wat die Here se hart bly maak.

.

ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

BRUINGELD

Tans is die daar **vanaf Mei 2017** al **R 4 506.00** ingesamel vir Sending

Deurkollekte

Die week gaan dit vir:
Diens van Barmhartigheid

BADPLAAS WEGBREEK 3 TOT 10 MAART 2019

Lus vir 'n bekostigbare wegbreek met 'n verskil? 'n Onvergeetlike 7 dae vakansie te Rotary Oord Badplaas. 'n Netjiese, veilige en pragtige natuurskoon omgewing. Die Hidro-spa by Forever Resort, heen en weer busvervoer vanaf Centurion en drie heerlike tradisionele maaltye per dag, is alles ingesluit by die tariewe. Die kamers is smaakvol gemeubileer en 'n onderdak warmwater swembad en borrelbad is deel van die oord se fasiliteite. Vir meer inligting kontak:
Callie Krynauw (Organiseerder) 083 392 7664/012 664 3870
E-pos: calliekrynauw@gmail.com

Doelwit vir die 10de maand Oesfees bydra



Kersdag vir die Rusoord inwoners

Dit is weer tyd dat ons begin dink aan die geskenke wat ons op Kersdag vir die Rusoord inwoners wil gee. Ons vra groot asseblief dat julle ons daarmee help. Ons het weer koeverte voorberei wat by die deure beskikbaar gaan wees en versoek dat u vir ons daarin 'n bydrae sal plaas. Enige bedrag is welkom. U kan die koevert met u bydrae enige Sondag in die kollektebordjie sit. U kan dit ook vir Sue in die Kerkkantoor gee. Baie dankie vir u vriendelike samewerking. Jansie Kilian 073-179-3295

BYBELSTUDIEGROEPE :

Geen die skole sluit

Baie geluk aan almal wat 9 Desember tot 15 Desember verjaar

Noemnaam	Van	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Jeanré	Wepener	12/09		083 300 3370
Anadra	Crafford	12/10		082 309 4359
Simone	Erasmus	12/10	012 664 4490	071 671 8887
Ferdinand	Kitching	12/11	012 664 3712	
Marthie	Moore	12/11	012 664 3953	083 261 8837
Johan	Myburgh	12/11		081 597 7676
Rudolph	Kalp	12/12	012 664 8263	082 561 1996
Nadine	Labuschagne	12/12		084 905 2730
Maricha	Marais	12/12	012 664 6960	
Anneke	Maree	12/12	012 664 2393	
Gerda	Cockrell	12/13	012 66403993	079 564 5988
Ben	de Klerk	12/13	012 6641556	079 758 6789
Cornè	Theron	12/14		
Ruben	Kruger	12/15		082 092 9948

Die Kerkkantoor sal vanaf Vrydagmiddag (14/12) om 12uur gesluit wees en weer open op Maandag 7 Jan'19

Ek wens julle almal 'n vreugdevolle Kerstyd toe en bid dat julle almal veilig sal wees. Mag God julle seën.

Mag julle Sy genade vrede en liefde daagliks ondervind.

Mag julle besef Hy is Wonderbaar, Ewige Heer en Vader, Vredevors en Magtige God.

Ek wil die Here loof, loof met my hele hart.
Hy gee hul wat roep, weer nuwe krag.